LAERSKOOL FLORIDA

ONS GEE OM — al vir 60 jaar!

H/V Negende Laan en Alexandrastraat Florida | Posbus 839 Florida Hills 1709 | (011) 672-6960 Finansies (011) 672-1540 Ontvangs (011) 672-0039 Faks

E-pos : laerskoolflorida@gmail.com Webwerf: www.laerskoolflorida.co.za

1 Augustus 2011

Geagte Ouers

LAERSKOOL FLORIDA INSKRYWING 2012

Die voorgestelde skoolgelde vir 2012 is as volg.

Vir **een leerder** in Laerskool Florida:	**R 720 per maand vir 11 maande** (R 7 920 per jaar)
Vir **twee leerders** in Laerskool Florida:	**R 1 440 per maande vir 11 maande** (R 15 840 per jaar)
Vir **drie en meer leerders** in Laerskool Florida:	**R 1 780 per maand vir 11 maande** (R 19 580 per jaar)

'n **Addisionele R 750,00 boekgelde per jaar is betaalbaar PER LEERDER met inskrywing,** om studiemateriaal en werkboeke aan te koop.

VOLTOOIDE INSKRYWINGSVORMS MOET INGEHANDIG WORD VÓÓR OF ÓP 30 SEPTEMBER 2011. Die R 750–boekgelde per kind, moet asb. saam met die inskrywingsvorms ingehandig word. Indien moontlik, kan die Januarie-paaiement van R720 / R1440 / R1780 (afhangend van hoeveel leerders by Laerskool Florida ingeskryf word), saam met u inskrywingsvorm/s en boekgelde ingestuur word. Nadat die eerste paaiement betaal is, sal die uitstaande 10 betalings van skoolgeld vanaf 1 Februarie 2012 tot 1 November 2012 gehef word.

Alle leerders word op waglyste geplaas, en slegs leerders wat hul boekgeld betaal het, word op klaslyste geplaas. Daar word 'n ernstige beroep op ouers gedoen om asseblief die boekgelde, en indien moontlik die Januarie-paaiement, te betaal vóór of óp 30 September 2011, maar nie later as 30 November 2011 nie, waarna u kind vanaf die waglys gehaal sal word en op die klaslys gesit sal word.

'n Versnellingsklousule is ook goedgekeur indien u vóór of óp 30 April 2012 betaal. Dit gee egter ook aan die skool die reg om rente maandeliks te hef indien u nie by die reëlings hou wat u met die skool getref het nie.

Ouers, ons sit dit graag soos volg uiteen:

* **Die R 750,00 boekgeld per leerder, sowel as die Januarie-paaiement indien moontlik, is betaalbaar vanaf 30 September 2011 tot 30 November 2011.**

1.1 Indien die R 750,00 boekgeld nie vóór of óp 30 November 2011 betaal is nie, word u kind nie op 'n klaslys vir volgende jaar geplaas nie, maar wel op die waglys.

1.2 Indien daar 'n probleem is kan u die hoof skakel en die saak met hom bespreek, ons help graag alle ouers wat probleme het.

2. Skoolgelde is as volg betaalbaar:

2.1 'n Eenmalige bedrag van **R 7920,00** vir een leerder, **of R 15 840,00** vir twee leerders, **of R 19 580** vir drie of meer leerders, **tesame met die R750,00 boekgeld per leerder**, betaalbaar vóór 30 April 2012. U ontvang dan 'n **korting van R 750,00 per leerder L.W. Met dié keuse moet u steeds u Januarie, Februarie en Maart se maandelikse paaiemente van R 720 / R 1 440 / R 1 780 betaal, sowel as die R750 boekgeld per leerder. Einde April betaal u dan die balans van die uitstaande bedrag.**

2.2 **Elf** maandelikse kontantbetalings van **R 720 / R 1 440 / R 1 780** elk.

2.3 **Elf** vooruitgedateerde tjeks van **R 720 / R 1 440 / R 1 780** elk. (Indien betaling deur die bank geweier word, moet u die bankkoste betaal).

2.4 Per kredietkaartstrokie : **11 x R 720 / R 1 440 / R 1 780** . (Indien betaling deur die bank geweier word, moet u die bankkoste betaal).

2.5 Debietorder van **R 720 / R 1 440 / R 1 780** per maand vir **10** maande. **Let wel: Januarie se paaiement, sowel as die boekgeld van R750, is betaalbaar vanaf 30 September 2011, maar nie later as 30 November 2011 nie, en nié per debietorder nie.** (Indien betaling deur die bank geweier word, moet u die bankkoste betaal).

2.6 **Bankbesonderhede: Laerskool Florida, ABSA, Takkode 632-005, Rekeningnommer 0101 982 1214.**
Faks asb bewys van betalings deur na (011) 672-0039 of epos dit na laerskoolflorida@gmail.com

3. **Indien daar enige rede sou wees waarom betaling nie betyds of glad nie gemaak kan word nie, moet reëlings met die skool getref word. Reël asseblief 'n afspraak met die hoof of die finansiële kantoor. (Tel: 672-6960) Indien geen reëlings getref word nie, sal daar rente gehef word.**
Ouers wat nie reëlings tref nie, of reëlings tref en dit nie nakom nie, sal aanspreeklik gehou word vir die volle skoolgelde plus rente per leerder.

4. **LET ASSEBLIEF DAAROP DAT ALLE VORIGE BEURSE/REËLINGS VIR 2011 VERVAL EN DAT DAAR ELKE JAAR OPNUUT AANSOEK GEDOEN MOET WORD VIR BEURSE. OUERS, TREF ASSEBLIEF REËLINGS MET DIE SKOOL.**

Ouers, ons doen 'n baie ernstige beroep op u om ons asseblief hierin te ondersteun en die boekgeld en eerste paaiement van die skoolfonds betyds te betaal. Ons moet nou reeds die werkboeke vir aanstaande jaar aankoop en sonder u finansiële bystand is dit nie moontlik nie. Vir elke leerder word daar 'n persoonlike rooster uitgewerk. Dit kan slegs gedoen word indien u kind/ers ingeskryf is vir 2012. Voltooi en stuur die inskrywingsvorms met boekgelde asseblief vóór of óp **30 September 2011** terug na die skool. Ons maak staat op u hulp en samewerking.

Aangeheg vind u die inskrywingsvorms en onderneming wat u asseblief **volledig** moet voltooi. In noodgevalle is dit noodsaaklik dat ons die ouers se **korrekte inligting en telefoonnommers** het. Daar verskyn in elke Floorsie-nuusbrief 'n vorm vir adresveranderings. U word vriendelik versoek om enige veranderings van adresse of telefoonnommers deur die jaar, daarop aan te dui en terug na die administratiewe kantoor te stuur.

Stuur asseblief die voltooide vorms sowel as u boekgelde kantoor toe vóór of óp 30 September 2011. Die R 750-boekgelde, sowel as die Januarie-paaiement van die skoolgelde indien moontlik, moét inbetaal wees vóór of óp 30 November 2011 asseblief.

Die uwe

FRANCOIS DU TOIT
HOOF
083-264-5505

SKOOLDRAG

SEUNS

SOMER

KORT GRYS BROEK
GRYS KORTMOU HEMP MET WAPEN
GRYS KOUSE MAROEN STREPE
DRYMAC (BESKIKBAAR BY DIE ADMINISTRATIEWE KANTOOR)

SWART SKOENE
(MAG OOK KAALVOET WEES)
MAROEN TRUI VIR KOUE DAE

WINTER

GRYS LANGMOU HEMP
GRYS LANGBROEK
MAROEN DAS MET WAPEN
(Opsioneel vir Gr 1 – 6)
WARM BAADJIE (BESKIKBAAR BY DIE ADMINISTRATIEWE KANTOOR)
SWART SKOENE
GRYS KOUSE

DOGTERS

SOMER

MAROEN ROK
WIT KORTMOUHEMP
KORT GRYS SOKKIES
DRYMAC (BESKIKBAAR BY DIE ADMINISTRATIEWE KANTOOR)

SWART SKOENE
(MAG OOK KAALVOET WEES)
MAROEN TRUI VIR KOUE DAE

WINTER

WIT LANGMOU HEMP
GRYS LANGBROEK
MAROEN DAS MET WAPEN
(Opsioneel vir Gr 1 – 6)
WARM BAADJIE (BESKIKBAAR BY DIE ADMINISTRATIEWE KANTOOR)
SWART SKOENE
GRYS KOUSE

KLEREBANK (TWEEDEHANDSE SKOOLKLERE)	Dinsdae & Donderdae 12:00 – 13:00	
VIVA SPORTS	011-672-7562	The Highway, Florida
BURGER BROERS	011-782-1055	189 Beyers Naudè, Northcliff
FRIENDLY HOUSE	011-763-2566	Van Wyk straat, Roodepoort

SKOOLTYE EN REËLINGS

- Die skool begin om 07:30 en daar word verwag dat alle leerders betyds sal wees.
- Geen ouer word op die speelterrein toegelaat nie. U kan nie by u kind wag tot die klok lui nie. Meld asseblief aan by die kantoor.
- Die hekke aan die bo- en onderkant van die skool in Negende Laan en Alexandrastraat moet deur die leerders gebruik word om in en uit te gaan.
- Gr R – 3 leerders se ouers moet hulle by die kanthekkie in Alexandrastraat by die netbalbane op en aflaai.
- Graad 4-7 leerders se ouers moet hulle op en aflaai by die klein hekkie in Negende Laan. Ouers met kinders in beide fases, moet hulle in Alexandrastraat by die netbalbane op en aflaai.
- **Geen leerder en/of ouer mag van die personeel se elektroniese skuifhek gebruik maak nie. Dit veroorsaak geweldige opeenhoping van verkeer en u kind se veiligheid kan nie gewaarborg word nie.**
- Ouers word versoek om asseblief nie voor die personeelhek stil te hou of leerders op of af te laai nie.
- Geen leerder mag op 'n fiets binne die skoolterrein ry nie – die fiets word gestoot tot by die graad R-heining en daar vasgemaak met 'n ketting.
- Wanneer 'n leerder eers binne die skoolterrein is, mag die terrein nie verlaat word, sonder die toestemming van 'n personeellid nie.
- Leerders plaas hulle tasse in die oggend in netjiese rye by hul voogklasse (graad 1-3) of registerklasse (graad 4-7).
- Geen tasse mag voor skool of naskool op die stoepe of terrein rondlê nie.
- Geen leerder word ná die klok gelui het by die snoepie toegelaat nie.

GRAAD R - 07:30 – 12:40 Maandag - Vrydag

GRAAD 1 - 07:30 – 12:40 Maandag - Vrydag

GRAAD 2 - 07:30 – 12:40 Maandag - Vrydag

GRAAD 3 - 07:30 – 13:00 Maandag - Vrydag

Daar is 'n wagklas vir die gr R – 3 leerders wat nie dadelik afgehaal word nie. Hulle bly in hul klas tot hul ouer boeties/sussies hul kom haal of hulle naskool toe moet gaan.

GRAAD 4 - 07:30 – 13:30 Maandag - Donderdag

GRAAD 5 - 07:30 – 13:30 Maandag - Donderdag

GRAAD 6 - 07:30 – 13:30 Maandag - Donderdag

GRAAD 7 - 07:30 – 13:30 Maandag - Donderdag

GRAAD 4-7 07:30 – 13:00 Vrydae

LAERSKOOL FLORIDA

INSKRYWINGSVORM 2012
LEERDERBESONDERHEDE

VIR KANTOORGEBRUIK

GRAAD…… / 2012 K……

Toelatingsnr:…… ……

Datum:……

Kwitansie:…… Rek no: ……

KIND SE VAN: ..... PLAAS LEERDER IN GR ...../2012

VOLLE NAME: ..... GESLAG: .....

NOEMNAAM: ..... ID NOMMER VAN LEERDER: .....

VORIGE SKOOL, DORP/STAD EN PROVINSIE : .....

HUISTAAL: ..... TAAL VAN KOMMUNIKASIE: ..... ANDER TALE GEPRAAT: .....

AANTAL KINDERS IN L/S FLORIDA ...../2012 - NAAM VAN LEERDER: ..... GR .....

NAAM VAN LEERDER: ..... GR .....

NAAM VAN LEERDER: ..... GR .....

MEDIESE GESKIEDENIS : NAAM VAN HOOFLID: .....

MEDIESE FONDS:..... PLAN : ..... NOMMER:.....

HUISDOKTER:..... TEL.NR: ..... ALLERGIË.....

KRONIESE SIEKTES/SPESIALE BEHOEFTES: .....

BEHANDELING:.....

INLIGTING VAN OUERS :		VADER/VOOG	MOEDER/VOOG
VOORLETTERS EN VAN:		.....	.....
NOEMNAAM :		.....	.....
ID NOMMER:		.....	.....
TEL.NR:	WERK:	.....	.....
	SEL:	.....	.....
	HUIS:	.....	.....
	EMAIL:	.....	.....
BEROEP:		.....	.....
MAATSKAPPY:		.....	.....
WERKADRES:		.....	.....
		.....	.....
WOONADRES:		.....	.....
		.....	.....
POSADRES:		.....	.....
		.....	.....

GESIN SE STATUS: **(Omkring die nommer asb)** 1 - Albei Ouers; 2 - Stiefpa; 3 - Stiefma; 4 - Wewenaar; 5 - Weduwee;

6 - Voogde; 7 - Geskei (bly by pa); 8 - Geskei (bly by ma); 9 - Vervreem (bly by pa); 10 - Vervreem (bly by ma); 11 - Ander

ALTERNATIEWE KONTAKPERSOON **(NIÉ OUERS/VOOGDE ASB)**: .....

VERWANTSKAP: ..... SEL: .....

TELEFOONNR(H): ..... TELEFOON (W):.....

AANGEHEG:

- ☐ **Afskrif van geboortesertifikaat**
- ☐ **Oorplasingskaart en nuutste rapport van vorige skool**
- ☐ **Afskrif van mediese kaart**
- ☐ **Afskrif van kliniekkaart**
- ☐ **Bewys van fisiese adres**

VIR AMPTELIKE GEBRUIK:

WAGLYSNOMMER: .....

TOELATING GOEDGEKEUR ☐ AFGEKEUR ☐

REDES INDIEN AFGEKEUR: .....

.....

.....

_____ _____

HANDTEKENING DATUM

LAERSKOOL FLORIDA

REK NO: .....

ONDERNEMING DEUR OUER 2012

OUER/VOOG SE VAN: ..... **VOORLETTERS:** .....

KIND SE VAN: ..... **AANTAL LEERDERS IN SKOOL:** .....

KIND/ERS SE VOLLE NAME: **1.** ..... **GRAAD:** ...../ **2012**

2. ..... **GRAAD:**...../**2012**

3. ..... **GRAAD:**...../**2012**

4. ..... **GRAAD:**...../**2012**

ADRES: ..... **TEL H:** .....

..... **TEL W:** .....

..... **SELNR:** .....

1. Ek/Ons bevestig dat ek/ons behoorlik gemagtig is om hierdie onderneming te onderteken synde die wettige ouers, voogde.

2. Ek/Ons bevestig dat my/ons kind voldoen aan die toelatingsvereistes soos van tyd tot tyd neergelê deur die skoolhoof, Beheerliggaam en ouers.

3. Ek/Ons aanvaar die reëls en regulasies soos van tyd tot tyd neergelê deur die skoolhoof, Beheerliggaam en die ouers, en sal toesien dat my/ons kind hom/haar daarby neerlê.

4. Sou ek/ons besluit dat my/ons kind die skool moet verlaat, onderneem ek/ons om 1 (een) maand kennis van sodanige voorneme te gee en besef ek/ons dat ek/ons aanspreeklik sal wees vir die pro-rata skoolgeld vir hierdie periode ongeag of my/ons kind die skool bywoon al dan nie.
   L.W. Indien ‘n kind die skool verlaat, sal die boekgelde, sowel as die eerste 2 (twee) maande se paaiemente nie terugbetaalbaar wees nie, ongeag die tydstip wanneer die kind die skool verlaat.

5. Ek/Ons lê my/ons neer by die bepalings van enige geldende Onderwyswetgewing.

6. Ek/Ons aanvaar dat die skoolhoof my/ons kind se bywoning kan beëindig, waar die gedrag van die leerder na die mening van die skoolhoof van so ‘n aard is, dat dit die handhawing van behoorlike sedelike gedrag, dissipline of sosiale welsyn van die skool in gevaar stel.

7. Indien enige dispuut tussen my/ons of my/ons kind en die skool sou ontstaan, sal ek die beslissing van die Beheerliggaam of aangewese liggaam aanvaar as finaal en bindend.

8. **FINANSIËLE VERPLIGTINGE**

Ek onderneem om die skoolgeld **PER LEERDER** soos deur die Beheerliggaam voorgeskryf vir 2012 as volg te betaal:

8.1 **JANUARIE-PAAIEMENT** en **BOEKGELD** van **R750,00** ☐

en

8.2 **BALANS** soos uiteengesit in paragraaf 9 ☐

9. **BETAALWYSE: (ONDERSTREEP ASB. DIE TOEPASLIKE BEDRAG)**

Ek verkies een van die volgende betaalwyses (Merk met X)

- BALANS VAN R 7 920 / R 15 840 / R 19 580 BETAALBAAR EINDE APRIL 2012 ☐

  (min korting van R 720 per leerder) **OF**

- BALANS VAN R 7 920 / R 15 840 / R 19 580 BETAALBAAR EINDE APRIL 2012 PER KREDIETKAARTBEGROTINGSREKENING **(min korting van R 720,00 per leerder)** ☐

  KREDIETKAARTNOMMER:.....VERVALDATUM: .....
  L.W. met bogenoemde twee keuses MOET u steeds vir die eerste drie maande die maandelikse paaiement betaal

- BALANS VAN SKOOLFONDS BETAALBAAR IN PAAIEMENTE AS VOLG: ☐
  - **Kontantpaaiemente** van R 720 / R 1 440 / R 1 780 vir 11 maande.

    OF
  - **Debietorder** - R 720 / R 1 440 / R 1 780 per maand vir **10 maande** (01/02/12-01/11/12) ☐
    (Januarie-paaiement en boekgelde word apart betaal met indien van inskrywings-vorm of vóór 30 November 2011)

    (Vul meegaande debietopdrag asb. in)

    OF
  - **Elf vooruitgedateerde tjeks van**: R 720 / R 1 440 / R 1 780 elk ☐
    (01/01/12 - 01/11/12)

    OF
  - Per **kredietkaartstrokie** maandeliks R 720 / R 1 440 / R 1 780 vir **11 maande**. ☐
    (01/01/12 - 01/11/12)

    OF
  - **Direkte inbetaling by bank /internet. LAERSKOOL FLORIDA,** ☐
    ABSA-bankrekening: 0101 982 1214, Takkode: 6320-005

FAKS ASB U DEPOSITOSTROKIE MET U KIND/ERS SE DETAIL DEUR NA (011) 672-0039 AS BEWYS VAN BETALING OF EPOS NA laerskoolflorida@gmail.com

* Skoolgeld is verpligtend en is maandeliks vooruitbetaalbaar, **vóór die sewende dag van elke maand**. Indien gelde daarna betaal word, **sal rente gehef word**.

* Indien betaling d.m.v. debietorder, vooruitgedateerde tjeks of kredietkaartstrokie deur die bank geweier word, sal ek/ons aanspreeklik wees vir die bankkoste.

*** Ek erken hiermee dat bovermelde 'n geldige skulderkenning is en dat ek regtens daardeur gebind word**.

..... **.....**

HANDTEKENING VAN OUER / VOOG **DATUM**

LAERSKOOL FLORIDA

POSBUS 839, FLORIDA HILLS, 1716

DEBIETOPDRAG 2012

Naam en van van leerder/s:

..... Gr...../2012 ..... Gr...../2012

..... Gr...../2012 ..... Gr...../2012

Ek/Ons versoek en magtig u hiermee om my/ons rekening by ondergenoemde finansiële instelling (of instelling waarheen ek my/ons rekening mag oorplaas) met die onderstaande bedrag (**onderstreep die toepaslike bedrag asb**) vir **10** maande te debiteer, op die eerste dag van elke maand **vanaf 1 Februarie 2012.** Alle sodanige onttrekkings uit my/ons rekening deur u, sal behandel word asof dit deur my persoonlik onderteken is.

Vir een leerder in Laerskool Florida R 720 per maand vir 10 maande
Vir twee leerders in Laerskool Florida: R 1 440 per maand vir 10 maande
Vir drie of meer leerders in Laerskool Florida: R 1 780 per maand vir 10 maande

Die ontvangs van hierdie opdrag deur u, word as ontvangs daarvan deur my/ons finansiële instelling geag.

NAAM VAN REKENINGHOUER: .....

Besonderhede van my/ons rekening is soos volg:

NAAM VAN FINANSIËLE INSTELLING:	
TAKNAAM EN DORP:	
TAKNOMMER:	
REKENINGNOMMER:	
TIPE REKENING BV. LOPENDE, TJEK, SPAAR, ENS.	

Onderteken te ..... op hierdie dag .....

van 20.....

..... **.....**
HANDTEKENING VAN REKENINGHOUER **KONTAKNOMMER**

.....
KONTAKNOMMER

'N GEKANSELEERDE TJEK MOET VIR KONTROLE-DOELEINDES AANGEHEG WORD

LAERSKOOL FLORIDA
EMIS:250662
DISTRIK: D12

REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING VAN SKOOLFONDS SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, NR. 84 VAN 1996

1	Is u ingelig omtrent die bedrag wat die jaarlikse skoolfonds beloop? (Sien asb. bladsy een van die 2012 inskrywingsvorm vir 'n volledige uiteensetting)	**JA**	**NEE**
2	Is u ingelig dat u verantwoordelik is vir die betaling van die skoolfonds, tensy u totaal vrygestel word van die betaling daarvan?	**JA**	**NEE**
3	Is u Ingelig omtrent u reg om aansoek vir die vrystelling van die betaling van skoolfonds te doen?	**JA**	**NEE**
4	Wil u aansoek doen vir so 'n vrystelling?	**JA**	**NEE**
5	Benodig u hulp met die aansoek om vrystelling van skoolfonds?	**JA**	**NEE**
6	Is u voorsien van sodanige vorm om aansoek tot vrystelling van die betaling van skoolfonds te doen?	**JA**	**NEE**

Subsidievorms is op aanvraag by die finansiële kant oor beskikbaar. Let asseblief daarop dat voltooide subsidievorms vóór of op 12 Februarie 2012 by die finansiële kantoor ingegee moet word en volgens meriete beoordeel sal word.

MNR NF DU TOIT
HOOF

NAAM VAN OUER/VOOG

1 AUGUSTUS 2011
DATUM

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG